higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

2 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00-12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

210Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord alle vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord EEN vraag in Afdeling D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die apartheidsbeleid het verskeie beperkings en voorskrifte behels.

Identifiseer watter EEN van die volgende nie deel van hierdie beleid uitgemaak het nie.

A Beweging van mense
B Waar mense kon woon
C Geen stemreg vir mense nie
D Waar mense kon werk

1.2 Die Suid-Afrikaanse Polisie het in ... die Suid-Afrikaanse Polisiediens geword.

A 1990
B 1994
C 1995
D 1998

1.3 Die polisie is om verskeie redes gedemilitariseer. Identifiseer watter EEN van die volgende is nie 'n rede nie.

A Internasionale Polisiereg
B Die polisie was ongewild.
C Die polisie kon nie inligting uit die gemeenskap bekom nie.
D Die ondersteuners van demokrasie het die polisie as aanvalsteikens beskou.

1.4 Steunfunksies is die funksies in polisiëringsagentskappe wat hul rolle en verantwoordelikhede ondersteun. Watter EEN van die volgende is nie 'n steunfunksie binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens nie?

A Mensehulpbronbestuur
B Bestuur van finansies
C Bestuur van inligtingstegnologie
D Hantering van klagtes.

1.5 Identifiseer watter van die volgende maak nie deel uit van die standaardfiksheidstoets van die polisie nie.

A 2.4 km-hardloopsessie
B Opsitte doen
C Opstote doen
D 35 m-pendelwedren

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur 'n item uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KPR; TPA; UNR; LMI; MPD; MPA; SSA; SAPD; OCC; BPM

2.1 Die jurisdiksie van die ... is in die hele Suid-Afrika.

2.2 Die jurisdiksie van die ... is in 'n bepaalde metropolitaanse raad.

2.3 Die jurisdiksie van die ... is oral waar 'n oortreding ingevolge die Verdedigingswet gepleeg word.

2.4 Die jurisdiksie van die ... is in 'n betrokke provinsie.

2.5 ... bereken die persentasie vet in jou liggaam.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Krygswet is die reëlstelsel wat deur die leër geïmplementeer en afgedwing word in 'n omgewing waar geen burgerlike regering bestaan nie.

3.2 Onlustepolisiëring, tuislandpolisiëring en sluipmoordaanvalle was tipes polisiëring wat voor 1994 teen politieke opponente gebruik is.

3.3 Uit 'n koloniale perspektief was polisiëring die onderdrukkende mag van die koloniale staat oor die inheemse mense.

3.4 'Tuislandpolisiëring' in Suid-Afrika voor 1994 het soos volg gefunksioneer: elke tuisland het sy eie polisiemag gehad, met hul eie wette en leierskaps-verantwoordelikhede.

3.5 Aanbodkettingbestuur in polisiëringstrukture word beskou as 'n kernverantwoordelikheid en nie 'n steunfunksie nie.

3.6 Om 'n gebalanseerde dieet te volg, behels om meer voedselsoorte soos vleis as voedselsoorte soos graan, vrugte en groente te eet.

3.7 Hoër bloeddruk is 'n voordeel van fisieke fiksheid.

Kopiereg voorbehou

3.8 Die opstootoefening in die standaardpolisiëringfiksheidstoets is goed vir die liggaam deur spiere in die bolyf te versterk.

3.9 Polisiëringsagentskappe grond dissipline op DRIE gebiede: persoonlike, interpersoonlike en werksplekdissipline.

3.10 SAPD-beamptes moet slegs die volgende kategorieë salueer: President van Suid-Afrika, kabinetsministers, alle kommissieoffisiere van alle polisiëringsagentskappe en regters van die Konstitusionele Hof.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-H) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Kragoefening	A	proaktiewe substruktuur van die SAPD
4.2	Misdaadondersoek	B	een gewigopstoot met 100 kg
4.3	Respiratoriese oefening	C	draf vir 20 minute
4.4	Strekoefening	D	steunfunksie van die SAPD
4.5	Sigbare polisiëring	E	meditasie
		F	om die kuitspier 30 sekondes lank saam te trek
		G	reaktiewe substruktuur van die SAPD
		H	drie stelle bisepskrulle

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: [25]

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Gee die VIER eienskappe van koloniale polisiëring. (4)

5.2 Noem VIER koloniale polisiëringsagentskappe. (4)

5.3 Wat is die SES funksies van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag? (6)

5.4 Noem DRIE moontlike beperkings van die organisasiestruktuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (3)

5.5 Noem die SES laagste range in die Suid-Afrikaanse Vloot in volgorde van senioriteit.

Aantekening aan leerder:
EEN punt sal afgetrek word as dit nie in volgorde van senioriteit is nie. (6)

5.6 Identifiseer TWEE takke van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. (2)

TOTAAL AFDELING B: [25]

AFDELING C

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die onderstaande scenario en beantwoord al die vrae.

Jy en adjudant-offisier Kgpane is by SAPD Benoni gestasioneer en ontvang 'n klagte by William Nicolrylaan 258. By jul aankoms vind julle die volgende misdaadtoneel:



SAPD BENONI	
A	Onbekende oorlede volwasse vrou met 1 steekwond in die bors
B	Mes (bebloed)
C	Bed
D	Skoenspoor
E	Stoel
F	Tafel
G	Klerekas
H	Toiletpapier met bloedvlekke
I	Deur (oopgebreek)
J	Staalpyp
K	Gebruikte kondoom
L	Man se hoed

6.1 Identifiseer die tipe misdaadtoneel volgens die scenario. (1)

6.2 Noem TWEE ander tipes misdaadtonele. (2)

6.3 Gee die deursoekingsmetode wat jy by hierdie misdaadtoneel sal volg en staaf jou antwoord. (2)

6.4 Vind VYF stukke getuienis in die scenario wat tydens die ondersoek na hierdie misdaad gebruik kan word. (5)

6.5 Noem die kriminalistiektegnieke wat gebruik sal word om die getuienis wat volgens 6.4 aangetref is, te verwerk. (5)

Byvoeging by scenario:

SAPD Benoni ervaar 'n toename van 153% in ernstige verwante misdade. Die stasiebevelvoerder gee opdrag dat hierdie misdaad binne TWEE maande moet afneem. Jy is deel van die taakspan om hierdie vraagstuk te hanteer.

6.6 Noem en verduidelik kortliks DRIE metodes wat gebruik kan word om inligting en/of misdaadintelligensie te bekom oor die misdade wat gepleeg is. (6)

6.7 Die inligting en misdaadintelligensie word geëvalueer, en die taakspan besluit om primêre misdaadvoorkoming te implementeer. Gee VIER aktiwiteite wat geïmplementeer kan word. (4)

6.8 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens is daarvoor verantwoordelik om misdaad te beveg. Noem VIER rolle en verantwoordelikhede. (4)

6.9 Watter ander polisiëringsagentskap kan met misdaadvoorkoming en die afdwinging van verordeninge help? (1)

TOTAAL AFDELING C: [30]

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 7

'Forensiese geneeskunde dra grootliks by tydens die ondersoek na sekere misdaadkategorieë.'

Gee gedetailleerde verduidelikings van die volgende forensiese geneeskundetegnieke wat gebruik word:

7.1 Identifisering van liggame (10)

7.2 Forensiese ondersoek van dooie liggame en lyke (10)
[20]

Kopiereg voorbehou

OF

VRAAG 8

'Enige wetstoepassingsagentskap wat misdaad suksesvol wil beveg, moet die volgende konsepte verstaan: misdaadvoorkoming en misdaadvermindering.'

Verduidelik die volgende:

8.1	Presipiterende en aanleidende faktore	(4)
8.2	Misdaadvermindering 	(4)
8.3	Situasionele misdaadvermindering	(6)
8.4	Maatskaplike misdaad- en wanordevermindering	(6)
		[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou